# GIGI SE MEISIES HOU SAAM PARTYTJIE

'N PAAR manne het omtrent breed geglimlag toe die Survivor-wenner, **GIGI**, saam met 'n paar van haar meisies van die Lollipop Lounge by die Celebrity Charity Catwalk-partytjie by The Venue in Melrose Arch, Johannesburg, opdaag. GiGi en van die ander deelnemers het in die aandrokke wat hulle in die slotepisode van Survivor South Africa: Santa Carolina gedra het, op die loopplank geparadeer. Daarna is dit vir liefdadigheid opgeveil. Nog 'n deelnemer, **CRAIG JACOBS**, het al die Survivors se rokke ontwerp. Toe een van die ontkleedansers al dansend op die loopplank van haar klere ontslae raak en net 'n eina bikini bly oor, het 'n hele paar wolwefluite opgeklink. GiGi se sexy goue nommertjie is vir 'n allemintige R6 700 verkoop. Die aand se opbrengs gaan onder verskeie liefdadigheidsorganisasies verdeel word. - ALET VAN ZYL

OUPA BOPAPE



GiGi saam met haar dansers



CLAUDIA HENKEL



MEGAN COLEMAN en SANDI SCHULTZ

**MIDDEL ONDER:** Ashley Hayden is so teleurgesteld dat sy nie die volle R500 000 vir haar liefdadigheidsorganisasie, The Homestead, gewen het nie, dat sy nou self vir hulle nog geld gaan insamel.



CRAIG JACOBS

**BO:** 'n Paar van Sandi Schultz se ontwerpersrokke met die Sass Designs-etiket is ook opgeveil.



BRIGITTE WILLERS



ASHLEY HAYDEN



CHRISTINA STORM

'n Paar voormalige Mejj. Suid-Afrika, onder wie Claudia Henkel (REGS), het Sandi Schultz se rokke op die loopplank vertoon.